DIE 2024 VERKIESING, MOONTLIKE UITKOMSTE EN GEVOLGE

Aanbieding by Greyfriars, Rooiberg Lodge

11 April 2024

Theuns Eloff

WAAR KOM ONS VANDAAN?

- Nadat die Britte apartheid geskep het, het Afrikaners dit ”vervolmaak”
- 1970-80’s: Soweto opstande, grensoorlog, noodtoestande, gesprekke
- 1990’s: Mandela vry, 1991 vredesverdrag, Kodesa, 1994 eerste demokratiese verkiesing, 1996 Grondwet
- Mandela jare eufories, Mbeki baie planne, ekon groei hoër as 4%
- Maar kaderontplooiing, korrupsie en rassetransformasie begin al
- Zuma staatskaping eers byna ongesiens, 9 “verlore jare”
- Ramaphosa: gevolge van staatskaping, korrupsie, rassetransformasie nou eers duidelik. Swak magsbasis, faksiegevegte, korrupsie dra by tot mislukkende staat

GRONDWETLIKE ONDERHANDELINGS

- Internasionale finansiële sanksies, verswakkende ekonomie& binnelandse onrus = skaakmat-situasie
- Val van die Berlynse muur en kommunisme
- Die hoofantagoniste (NP & ANC) onderhandel dus
- Die produk is ‘n politieke skikking, vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet (handves van regte)
- Geen tyd vir ekonomiese skikking nie, agv geweld
- Dus nie volmaak nie, maar volgens kenners van die beste in die wêreld

1994-2007

- Mandela-termyn – eufories, begin grondslae lê
- Mbeki maak vordering met die ekonomie, instellings, modernisering van die ANC
- Maar tydens Mbeki-termyn begin dinge verkeerd loop
  - Kaderontplooiing word beleid
  - “Kolonialiste van ‘n spesiale soort” vervreem minderhede
  - Ekonomiese dubbelslagtigheid tsv groei van 4% plus
- Zuma (tereg) as adjunk-president ontslaan
- Zuma begin op grond- en takvlak steun mobiliseer
- Mbeki word in 2007 by Polokwane herontplooi
- Zuma in 2009 president

WAT HET VERKEERD GEGAAN?

- Eise en kompleksiteit van landsbestuur onderskat
- Bly bevrydingsbeweging; skisofreniese ekonomiese beleid
- Nasionale Demokratiese Rewolusie: al die hefbome v mag
- Ideologie van rassetransformasie volgens 80-9-9-2 formule
- Drie instrumente: regst aksie, gelyke indiensneming, SEB
- Min tot geen ondervinding of bevoegdheid in staat oor
- Kaders, korruptes en onbevoegdes in staat op alle vlakke
- Toksiese kombinasie van rassetransfrmasie, kaderontplooiing en korrupsie
- Swak implementering van redelike goeie planne
- Zuma vererger (vervolmaak?) dit alles

WAT WAS DIE GEVOLGE?

- Gebrek kapasiteit byna hele staatsdiens – mislukkende staat
- Min/geen dienslewering, onderwys as bemagtiging misluk
- Onheilige drieling: armoede, ongelykheid, werkloosheid; ekonomie sukkel; dienslewerings betogings daagliks
- Korrupsie op groot skaal, staatskaping deur ANC kaders
- SEB en toe-eiening lei tot ryk swart elite, groter ongelykheid
- Die ANC is meer verdeeld as ooit tevore sedert 1912
- Meerderheid in ANC eenstemmig oor rassetransformasie 80-9-9-2
- Meerderheid Suid-Afrikaners: frustrasie en woede
- Minderhede: ervaar polarisasie en vervreemding (Afrikaans)

WAT WAS DIE GEVOLGE? (2)

- Ekonomies:
  - Afhanklikheid van die stelsel van sosiale toelaes
  - Staat werkskepper, negatiwiteit teenoor private sektor
  - Swak staat kan nie ekon groei deur infrastruktuur dryf nie
- Zuma, staatskaping en korrupsie het veroorsaak dat die ANC verskeurd en aan die verbrokkel is
- Die CR-groep & RET-groep, ook plaaslike faksiegevegte (meestal gedryf deur korrupsie en selfbelang)
- ANC het eintik in drie geskeur: ANC, EFF en nou MK
- ANC eenheid, finansies, bestuur, onder groot druk
- Op aldrie vlakke ‘n onbevoegde, mislukkende en deels korrupte staat
- SA het nou amptelik/internasionaal ‘n “gebrekkige” demokrasie (veral na aanleiding van politieke kultuur, waaronder korrupsie, en waarskynlik ook vervreemding van minderhede; asook funksionering van regering) [sien http://en.wikipedia.org/wiki/Democracy_Index]

2024 VERKIESING: TYDSRAAMWERK

5 Maart: Voorlopige kieserslys beskikbaar vir inspeksie – harde kopie

12 Maart: Finale kieserslys gepubliseer

8 Maart: Spertyd vir lys van kandidate (1000/15 000 handtekeninge)

20 Maart: Spertyd vir partye om kandidaatlyste reg te kry

26-27 Maart: Kandidaatlyste kan geïnspekteer word

9 April: Sperdag vir Kieshof om besware&appélle oor kandidate aan te hoor

10 April: Kieshof laat Zuma toe om as kandidaat te staan

12 April: Sertifikate aan kandidate uitgereik

12 April: Lys van addresse van stempunte beskikbaar vir inspeksie

29 Mei: Stemdag

31 Mei/1 Junie: uitslae bekend

Middel Junie: koalisies bekendgemaak (binne twee weke)

2024 VERKIESING: DEELNEMERS

- Vir die eerste keer kan indiwidue as kandidate vir die NV en provinsiale wetgewers staan
- Dit volg op KH uitspraak oor Kieswet;
- Politieke partye verander dit maar op ‘n twyfelagtige manier
- Partye wil beheer behou oor wie namens hulle in die NV sit
- Van die 400 plekke in die NV kan indiwidue net vir 200 meeding (saam met partye).
- Die hekkies vir indiwidue hoër as vir partykandidate – 40 000 vs 60 000; R20 000 deposito, 1000 kandidate (na nog ‘n KH hofsaak)
- 56 politieke partye nasionaal, 6 indiwidue (+ Louis L)
- 63 politieke partye provinsiaal, 6 indiwidue (+ Louis L)

DIE LOGISTIEK VAN DIE ‘24 VERKIESING

- Vir die eerste keer drie stembriewe
- ‘n Nasionale stembrief: net vir politieke partye vir 200 van die 400 setels in die Nasionale Vergadering
- ‘n Streekstembrief: vir politieke partye en indiwidue vir die ander 200 setels van die 400
- ‘n Provinsiale stembrief: vir politieke partye en indiwidue vir die provinsiale wetgewers
- Waarskynlik 4 A4 bladsye vir elk – 56+6 nasionaal; 63+6 provinsiaal23292 stemstasies oor die hele land versprei
- Die kapasiteit en begroting van die OVK is kommerwekkend; maar sover lyk dit goed

UITGANGSPUNTE (1)

- Die ANC is onafwendbaar op die afdraende pad; dit is nie meer moontlik vir die organisasie om sigself reg te ruk nie
  - Die toksiese kombinasie van rassetransformasie, kaderontplooiing en korrupsie het nie net die land nie, maar ook die ANC self laat inplof
  - Fasette hiervan is swak of geen organisatoriese, administratiewe en bestuursvaardighede; diep verdeeldheid en faksies, meer gedryf deur hebsug/selfsug as ideologie; kriminele sindikate op takvlak; eksterne lokus van kontrole
  - Die “goeie ouens” in die ANC is min en magteloos
  - Tog: meer en meer steek die “ANC Rubicon” oor

UITGANGSPUNTE (2)

- Die opposisie is nie eenstemmig nie, maar sommige beter belyn en georganiseerd
  - Veral in die Veelparty Handves (10 partye, 7 in verkiesing)
  - Die EFF speel in sy eie sandkas, maar sal beter doen as 11%
  - Die parlementêre “ander”: oa UDM, Good, Al Jama
  - Die ongetoetsde “ander”: BOSA, Rise Mzanzi, Patriotic Alliance
- Zuma se MK kan spelbreker in veral KZN wees
  - Kieshof se besluit moeilik om te verstaan; tegniese punte
  - Waarskynlik nie groot verskil aan steun maak nie
- ‘n Voorverkiesingskoalisie van opposisiepartye sal opposisie se gesamentlike steun verhoog
- Partye wat buite die 30% poel vis (“ongetoets”), kan ‘n groot faktor wees (swart jeug en ANC ontgogeldes)

UITGANGSPUNTE (3)

- Burgerlike samelewingsorganisasies (BSO's) kan belangrike rol speel
- Voor apartheid beëindig is, was die burgerlike samelewing 'n belangrike faktor
- Sedert 1994 neem aktivisme af (ANC ontmoedig buitelandse befondsing)
- Soos wat ANC begin misluk het, het die aktivisme weer toegeneem
- Sommige in reaksie op die Zumawurggreep op die ANC en die gevolglike Ramaphoria: "Defend our democracy" as voorbeeld
- Die meeste van hulle is apolities, maar die meerderheid stem saam dat politieke verandering onafwendbaar en noodsaaklik is
- Belangrik om die ANC Rubicon oor te steek, ook vir nie-ANC groepe

SCENARIO'S VIR 2024: INLEIDEND

- Baie onvoorspelbaar – opnames wissel:
  - ANC 38-52%
  - DA 18-32%
  - EFF 12-18%
  - MK 6-10%
  - IVP 6-7%
- CR lei ANC - organisasie verdeeld en sonder groot geld (Mashatile?)
- ANC steunbasis al meer landelik; MK bring hulle nader aan 40% nasionaal
- Wegblystem deur histories ANC gesindes steeds substantief
- EFF bly opportunisties
- Die VPV bring meerderheid van sentrumpartye onder een sambreel – 30-35%
- Build One SA, Rise Mzanzi en PA deel van sentrum – saam dalk 5-10%
- Die impak van Zuma se MK party (tussen 20-30% KZN, 6-10% nasionaal)
- Die ontgogelde ANC kiesers en jeugstem bepalend

VIER SCENARIOS VIR 2024

Scenario A: ANC <50%, maar >42%

Nasionaal:

Koalisie moontlik met klein partytjies (2-3%) en IVP (5-7%) in ruil vir premier in KZN en adjunkpresident

Koalisie moontlik met EFF (12-18%) (laasgenoemde onwaarskynlik as CR steeds leier is)

Koalisie moontlik met MK (maar hoogs onwaarskynlik as CR nie waai nie)

Provinsiaal:

ANC verloor meerderheid in Gauteng, vorm koalisie met IVP in KZN; of

ANC offer KZN en koalisie met IVP op ter wille van koalisie met EFF om Gauteng te behou (?); of

MK en EFF (met klein partye) vorm koalisie om KZN weg van ANC te neem en magsbasis te kry; en

VPV kry met hulp van ander nie-linkse partye geneg om Gauteng te wen; vorm opposisie in KZN

VIER SCENARIOS VIR 2024

Scenario B: ANC <40% maar meer as 37%

Nasionaal:

Koalisie moontlik met EFF (maar onwaarskynlik met Ramaphosa steeds as leier; koalisies binne twee weke besluit)

Koalisie moontlik met DA (maar onwaarskynlik agv diepliggende ideologiese verskille)

Provinsiaal:

Die VPV en kleiner partye vat steeds Gauteng

Die EFF en MK vorm met kleiner partye steeds koalisie in KZN

VIER SCENARIOS VIR 2024

Scenario C: ANC kry tussen 38% en 45%

Nasionaal

Regering van Nasionale Eenheid met alle partye wat >3% steun het (behlawe MK en EFF)

Wie gaan nee sê? Kompromieë en tydelike stabiliteit

SA ploeter voort, net die ANC wen

Provinsiaal

ANC regeer alleen in 6(5) provinsies,

DA regeer met koalisie in Wes-Kaap,

VPV koalisie regeer Gauteng

MK-EFF koalisie regeer KZN

VIER SCENARIOS VIR 2024

Scenario D: ANC 42% en 47%

Nasionaal

ANC vorm meerderheidsregering, want geen ander groepering kan beter nie

Maar het op ad hoc basis stemme van ander partye nodig, en om mosie van wantroue in uitvoerende gesag af te weer

Het al op plaaslike vlak gebeur, maar skep onsekerheid en verskerp onstabiliteit

LW: as VPV en drie kleineres saam 45% kry, kan hulle dit ook doen

Provinsiaal

ANC regeer alleen in 6 (5?) provinsies

DA koalisie in Wes-Kaap

VPV koalisie met kleiner partye in Gauteng

EFF en MK koalisie in KZN

SCENARIOS VIR PLAASLIKE VERKIESINGS 2026

- In enige scenario waar ANC ‘n meerderheid of vennoot bly, sal regering en dienslewering nòg swakker word – dit gaan ANC in 2026 vang
- In scenario’s A (IVP), B 3 (DA of EFF), C (RNE) en D (meerderheidsregering) sal:
  - Op nasionale vlak:
    - Landsbestuur nog swakker word, en verdeeldheid en verval in ANC toeneem
    - Ekonomie en dienslewering nie verbeter nie (behalwe in scen 1 tov Gauteng en KZN)
    - ANC hulle koalisievennote aftrek en sal kiesers daardie vennote in 2026 straf
    - RNE byna onmoontlik as gevolg van beleidsverskille (en teenkanting uit ANC geledere)
  - Op provinsiale vlak:
    - Wes-Kaap redelik met koalisie
    - Gauteng met swakker koalisie redelik onstabiel
    - KZN met MK-EFF koalisie baie onstabiel (sesessie?)
- Daarom verloor die ANC/EFF in 2026 beslissend die metros van Johannesburg, Tshwane, Ekhuruleni, en Nelson Mandelabaai (selfs dalk Mangaung); Durban baie onseker agv MK se rol
- Moontlikheid is daar dat sentrumpartye na 2024 losser alliansie met ander opposisiepartye vorm, en nader aan mekaar is vir die 2026 plaaslike verkiesings

SCENARIOS VIR DIE 2029 VERKIESING

- In al vier scenarios sal ANC se stadige ondergang nasionaal voortduur:
  - ANC verloor byna alle stedelike steun, val onder 35%, EFF onder 15%, MK onder 5% (Cronje se “vuurpyl”)
  - ANC en DA koalisie teoreties weer moontlik, maar al meer onwaarskynlik
  - ANC en EFF koalisie meer moontlik, omdat CR dan uit is
  - VPV en ander opposisiepartye kan dan meer as 50% kry (aangehelp deur goeie bestuur in drie provinsies en die groot metro’s)
  - In scenario C (RNE) sal dit voor 2029 verkrummel agv ANC se onbevoegdheid, agterbaksheid en korrupsie. Partye wat in die RNE is en nie duidelik teen wanbestuur en korrupsie opgestaan het nie, sal by die stembus gestraf word
- Provinsiaal:
  - Wes-kaap sal waarskynlik deur DA geleide koalisie regeer word
  - Gauteng deur ‘n VPV en ander vennote regeer
  - KZN: IVP geleide koalisie, met steun van die VPV; of MK word nog sterker en behou
- Dan kan daar voor 2029 ‘n nuwe sentrumparty uit huidige opposisie partye (ex-EFF en ex-MK) en res van gematigde ANC-lede ontstaan. Kan 40% kry

‘N DRIE FASE OORGANG TUSSEN 2024 EN 2029

Fase 1

2024: ANC verloor Gauteng en KZN; provinsiale ekonomieë en dienslewering stabiliseer (soos in die Wes-kaap);begin eksterne beleggings

Fase 2:

2026: ANC verloor alle metro’s beslissend; stedelike ekonomieë verbeter agv invloed van beter beleid en bestuur. Beter belegging

Fase 3:

2029: ANC verloor nasionale regering, maar regeer nog in ‘n paar landelike provinsies. Nasionale ekonomie gedryf deur 2 nie-ANC provinsies, waar groter stabiliteit heers (KZN bly agter)

Grootskaalse skoonmaak van staasdiens van kaders, korruptes en onbevoegdes. Nuwe sentrumparty moontlik

DIE ROL VD BURGERLIKE SAMELEWING

- Nie om stemme vir ‘n party of koalisie te werf nie, maar duidelik pro-politieke verandering
- Die ANC Rubicon oorsteek (simbolies), maar ook ander partye en koalisies verantwoordbaar hou
- Tientalle organisasies, geen koördinering
- Na fokus op kieserregistrasie, ongeveer 1m nuwe kiesers
- Fokus op kieser opvoeding en kieseropkoms
  - Minderhede vorm amper 25% van geldige kiesers: kan groot impak hê - ‘n wegblystem is ‘n stem vir die ANC
- Fokus op OVK monitering (kan ‘n verkiesing gesteel word?)

KAN ‘N VERKIESING GESTEEL WORD?

- Wat doen bevrydingsbewegings in Afrika en elders as hulle die meerderheid se steun verloor?
  - Verander die grondwet, kelder veelpartydemokrasie
    - *Onwaarskynlik in SA, gegewe die regbank*
  - Boelie politieke teenstaanders om nie te kan stem nie
    - *Op plekke moontlik, bv Lesufi se polisiemag, maar nie wyd verspreid nie*
  - Kul in die aanloop tot en op die dag van die verkiesing
    - *Sterk moontlikheid dat dit probeer sal word (Zuma waarsku)*
    - *Foutlyne: reeds gevulde stembusse, vervalsde stembriewe, elektroniese proses*
- *Belangrik:*
  - *Oudit van kieserslys*
  - *Waarnemers monitor op verkiesingsdag elektronies;*
  - *Pralelle stem tabulering na stemdag.*

WAT LÊ NA DIE 2024 VERKIESING VOOR?

- Ons is (nog) nie ‘n volledig mislukte staat nie, slegs in dele
- Armoedevlakke laer - toelaes, inform ekonomie, beleggings
- Die regstelsel bly sterk (behalwe oor rassetransformasie)
- Misdaadvlakke het hier en daar gedaal
- Beurtkrag minder intens, positiewe geluide by Transnet
- Vordering om die staatskapers & korrupsie te begin vasvat
- Demokrasie verstewig – ANC onder 50%, koalisies
- Burgerlike samelewingsorganisasies sterker

WAT LÊ NA 2024 VERKIESING VOOR? (2)

- Indien ANC op ‘n manier nog aan bewind, moeilike tye – afrdraende duur voort vir ANC en land
- Maar burgerlike samelewing se “selfdoen” het impak
- Ook Afrikanerorganisasies se bereidheid om te help (water!)
- Gesprekke om dialoog aan die gang te hou en die middel te versterk – reeds begin om te kyk na groep “elders”
- Rol van burgerlike organisasies belangriker - ook tussen verkiesings
- Afrikaner Verklaring op pad: wil bly en bou, maar raamwerk nodig

SAMEVATTING

- ‘n Moeilike en stormagtige tydjie vorentoe - veral na 2024
- Maar ons is in die draaipunt.. U-vorm van herstel
- As land gewoond om naby afgrond te kom & dan weg te draai
- Behou:
  - Balans – sien die ander kant van die saak, verstaan
  - Tyd – wat is 10 of 15 jaar in ‘n land se geskiedenis?
  - Humor – dit help ons om te oorleef
  - Realisme – sien die hele prentjie raak
  - Hoop – as Christene kan ons nie anders nie
  - Geloof – God bly in beheer
  - Perspektief….

PERSPEKTIEF....